- Net die matriekserp mag die hele jaar gedra word.
- Geen serpe in eksamenlokale nie.

## 12 ALGEMEEN

- Naels moet netjies, kort en versorg wees.
- Slegs standaard armhorlosies. Geen ander juwele soos hangertjies, armbande, leertoutjies, silikoon arm bande, ens. is toelaatbaar nie.
- **Hemde moet te alle tye ingesteek wees.**
- Alle seuns moet **geskeer** wees. Indien nie, sal die leerder na kamer 1 gestuur word om te skeer. Geen baarde of snorre word toegelaat nie.
- Geen oor-, tong- en/of neusringe mag gedra word nie.
- **Geen tatoeëring word toegelaat nie en indien 'n leerder wel 'n tatoeëermerk het, mag dit nie sigbaar wees nie. Hierdie reël geld ook vir civvie-dae.**
- Geen grimering of haarknippies word toegelaat nie.
- Wenkbroue mag nie geskeer word nie.
- Geen "beanies" of oormoffies word toegelaat nie.

## 13 CIVVIEDAE - SEUNS

- Geen oorbelle en grimering nie.
- Tatoeëermerke mag nie sigbaar wees nie.
- Alle skoolreëls geld.
- Geen moulose hemde nie.

## 14 GRAAD 12-VOORREGTE

- Eie kleedkamer.
- Matriek-"pullover", das en serp.
- Matriekserp (regdeur die jaar).

# DOGTERSUNIFORM

## 1 ROK

- Koningsblou skoolrok.
- Lengte van rok: 15cm vanaf die grond, gemeet in 'n knielende posisie.
- Die skoolrok mag nie nouer gemaak word nie.
- Geen spelde/belde mag gebruik word om die rokke korter te maak nie.
- Rompies is nie toelaatbaar nie.

## 2 BLOES

- Wit, kortmoubloes met 'n oopslaankraag.
- **Standaard wit langmouhemp met 'n das en swart sykouse moet saam met 'n baadjie gedra word.**
- Geen hemp mag uithang nie.
- Die skoolhemp mag nie oor die rok gedra word nie.

## 3 DAS

- 'n Das word slegs saam met wintersdrag gedra.
- Die voorgeskrewe, gestreepte das is verpligtend vir alle leerders in die winter.
- Vanaf graad 9 mag slegs die leerders wat kleure ontvang het, die effeblou das dra.

## 4 LANGBROEK

- Standaard grys langbroek ("**regular fit**"). Geen "hipsters" mag gedra word nie.
- **Broeke mag nie afgestik word nie.**
- As 'n langbroek gedra word, moet die skool-"pullover" (oortrektrui) TE ALLE TYE gedra word.
- Slegs standaard grys sokkies saam met 'n langbroek.

## 5 SKOENE

- Slegs swart toerygskoene, gespeskoene of "Baby Dolls".
- Geen modeskoene, bv. balletskoene/"pumps", word toegelaat nie.
- Skoolskoene van gesondheidsmake mag gedra word.
- **Veterskoene moet swart veters hê en behoorlik vasgemaak wees.**
- **Skoene wat nie volgens skoolreëls is nie, sal gekonfiskeer word en kan eers aan die einde van die jaar afgehaal word. In die geval van 'n voetprobleem, is 'n doktersbrief nodig.**
- **Leerders mag nie met Tippex of enige iets anders op hulle skoene skryf nie.**
- **Skoolskoene is verpligtend.**

## 6 KOUSE

- Somersdrag: wit sokkies.
- Wanneer 'n dogter swart sykouse dra, moet sy 'n baadjie en 'n das daarby dra. 'n Dogter mag nie 'n kortmouhemp saam met swart sykouse dra nie. Geen swart kouse mag gedurende die somerseisoen gedra word nie. Geen gewone sykouse mag by die rok gedra word nie.
- By die langbroek: standaard grys kouse/sokkies. Geen wit of gekleurde kouse word toegelaat nie.
- Wit sokkies mag nie in die winter onder sykouse gedra word nie.

## 7 SKOOLBAADJIE

- Die dra van 'n skoolbaadjie in die somer is nie verpligtend nie.
- Die Bestuurspan is verplig om regdeur die jaar 'n skoolbaadjie te dra.
- Die skoolwapen op die sak is verpligtend.
- Geen ander aansteekwapens as deur die skool vir die huidige jaar voorgeskryf (soos 100% Marais Viljoen, Marais Viljoen-hartjie, Marais Viljoen-generasieknoopie, Bestuurspanknoopie, CSV-speldjie, VLR-speldjie en die betrokke kwartaal se Top 10-speldjie), word toegelaat nie. Slegs leerders wat provinsiale of nasionale aansteekwapens ontvang het, mag met toestemming, so iets dra. So 'n wapen moet verwerf word. Aansteekwapens wat nie aan hierdie voorskrifte voldoen nie, sal tot aan die einde van die jaar gekonfiskeer word.

## 8 TRUI

- 'n Skool -"pullover" (oortrektrui) mag met die wit kortmoubloes, sonder 'n das, gedra word.
- Die langmoukooltrui mag slegs met 'n baadjie en das vanaf 01 Mei tot 31 Augustus gedra word.
- Geen moue van 'n trui of baadjie mag opgestoot word nie.
- Die oortrektrui moet oor die broek hang.

## 9 SPORTDRAG

- **Atletiek:** Volledige sweetpak na deelname.
- **Netbal en hokkie:** Volledige skoolklere na deelname.
- Wedstryde gedurende die week: leerders verkleed eers na skool.

## 10 HARE

**Mev. E. de Villiers en mev. V. Prinsloo sal beskikbaar wees vir navrae oor hare.**

- Geen "undercuts" word toegelaat nie.
- Hare mag nie korter as 'n no. 3-kammetjie geskeer word nie.
- Lang hare en hare/ verlengings wat aan die onderste gedeelte van die omvou van die hemp se kraag raak, moet stewig teen die kop met 'n rekkie vasgebind word. **(Geen kraaineste nie.)**
- Kuiwe mag nie in die oë hang nie.
- As die kuif uitgegroeï word, moet dit weg van die gesig vasgemaak word.

- Haarversierings mag slegs **koningsblou (royal blue), geel of swart** wees.
- Wit haarversierings mag slegs deur gr.12's gedra word.
- Hare mag nie gekleur, getint of gebleik word nie - geen "high-lights" of "low-lights" nie. Vir gekleurde hare sal strafpunte toegeken word en deur mev. E. de Villiers en mev. V. Prinsloo, deur middel van 'n nota agter in die dagboek, hanteer word.
- Verlengstukke, met dieselfde kleur as die natuurlike hare, is toelaatbaar. Dieselfde reëls geld egter hier soos vir lang hare.
- Geen "dreadlocks" of "pineapple ponies" word toegelaat nie. "Spikes" mag nie langer as 3cm wees nie.
- Hare moet uit die gesig vasgesteek word.
- Hare wat regop staan, mag nie langer as 3cm wees nie.
- Geen uitspattige haarstyle word toegelaat nie.
- Patrone mag nie in hare gesny word nie.
- Uitspattige vlegsels of "weaves" word nie toegelaat nie.
- Geen kamme word in die hare toegelaat nie.
- Groot verskille in lengte van een kant na die ander, word nie toegelaat nie.
- "Ombre" word nie toegelaat nie.
- Geen bandanas word toegelaat nie.

## 11 NAELS

- Naels mag nie oorsteek as daar van die handpalmkant gekyk word nie.
- Kleurlose naellak mag gedra word ("Pearly" naellak is verbode).
- "Gel", "tips" of "French manicure" word nie toegelaat nie.

## 12 MV-SERP

- Die serp mag slegs saam met wintersdrag (01 Mei – 31 Augustus) gedra word.
- Die geel serp is slegs vir leerders met erekleure en kan slegs met 'n brief van die sportkantoor gekoop word. Geel serpe wat wederregtelik gedra word, sal gekonfiskeer word en aan die eienaar terugbesorg word.
- Net die matriekserp mag die hele jaar gedra word.
- Geen serpe in eksamenlokale nie.

## 13 GRIMERING

- **Geen** grimering mag met skooldrag gedra word nie. Dit moet verwyder word.
- **Geen "base" (onderlaag) word toegelaat nie.**
- **GEEN PERMANENTE GRIMERING WORD TOEGELAAT NIE.**
- **GEEN GEKLEURDE/BLINK "LIP ICE" WORD TOEGELAAT NIE.**
- **Geen** tatoeëring word toegelaat nie en indien 'n leerder wel 'n tatoeëermerk het, mag dit nie sigbaar wees nie.
- **Geen vals oogwimpers nie.**

## 14 JUWELE

Slegs standaard armhorlosies. Geen ander juwele soos hangertjies, armbande, leertoutjies, silikoon arm-bande, ens. is toelaatbaar nie. **Geen gaatjies vir enige juweliersware (insluitend tongringe) mag op enige plek in die gesig wees of aangebring word nie.**

### 14.1. RINGE

- Slegs **EEN** seëlring word toegelaat.
- Geen gaatjies vir enige juweliersware (insluitende tongringe) mag op enige plek in die gesig wees of aangebring word nie.
- Geen tong- en/of neusringe mag gedra word nie.

### 14.2. OORBELLE

- Slegs **EEN** paar identiese oorbelle mag gedra word.
- Die oorbelle moet in die middel van die oorlob gedra word, nie in oorknoppe nie.

- **Slegs "studs" sonder steentjies mag gedra word.** Slegs die "studs" wat gebruik word om gaatjies in te skiet, mag gedra word, geen ronde balletjies nie.
- Gladde "sleepers", sonder versierings, met 'n deursnee van 13mm moet gedra word (standaardgrootte). Geen breë "sleepers" mag gedra word nie.

## 15 CIVVIE-DAE - DOGTERS

- Geen deurskynende klere/lae halse nie.
- Geen spaghetti-bandjie hempies/"crop tops" nie.
- Geen oop en kaal mae nie.
- Geen kaal rûe/skouers nie.
- Geen miniropies/kortbroekies/minirokkies nie, **slegs kniebroeke**, langbroeke en rokke met aanvaarbare lengte in die **middel van die bobeen of langer**.
- Indien meisies "leggings" dra, moet die hemp tot by die middel van die bobeen kom.
- Geen pantoffels word toegelaat nie.
- Alle skoolreëls geld nog steeds.
- Indien 'n meisie nie by hierdie voorskrifte hou nie, sal die ouers geskakel word en sy mag huis toe gestuur word.

## 16 GRAAD 12-VOORREGTE

- Eie kleeedkamer.
- Baie ligte strepies en natuurlike kleure in hare nadat dit met **mev. E. de Villiers en mev. V. Prinsloo** bespreek is.
- Natuurlike "French manicure" met kort naels is toelaatbaar.
- Pêreloorkrabbertjies, nie groter as 5mm deursnee nie, is toelaatbaar.
- Matriek-pullover, das en matriekserp.
- Matriekserp (regdeur die jaar).
- Wit haarversierings.

## ALGEMENE GEDRAG

- **INDIEN 'N LEERDER NIE AAN DIE VOORKOMSREËLS VOLDOEN NIE, KAN DIE OUER GESKAKEL WORD OM DIE LEERDER TE KOM HAAL, SODAT DIE SAAK REGGESTEL KAN WORD.**
- **DIE TALE VAN KOMMUNIKASIE BY DIE SKOOL IS SLEGS AFRIKAANS EN ENGELS.**
- **DIE GEDRAGSKODE DIEN ALREEDS AS 'N WAARSKUWING, DUS KAN STRAFPUNTE GEHEF WORD SONDER VOORAF WAARSKUWING. TYDENS ENIGE SKOOLTOER OF -KAMP, GELD DIE GEDRAGSKODE EN STRAFSTELSEL.**

### 1. SKOOLFUNKSIES EN ANDER OPENBARE BYEENKOMSTE

- Daar word van leerders verwag om lojaal te wees en skoolfunksies by te woon.
- Daar word van leerders verwag om hofflik en vriendelik teenoor besoekers te wees.
- Leerders mag hulle nooit skuldig maak aan wangedrag binne of buite die skoolterrein nie.
- Die skoolterrein, busse en openbare plekke moet in 'n skoon en netjiese toestand gelaat word.
- **Ooringe en ander juwele (kyk kleredrag) is altyd vir seuns verbode.**
- Vir enige oortredings in skooldrag, buite die skoolgronde, sal die strafstelsel toegepas word.
- Niemand mag 'n ander leerder vir 'n "las" vra nie, (d.w.s. geensins vir geld bedel nie).
- Geen "boom boxes" word toegelaat nie. "Boom boxes" sal gekonfiskeer word en aan ouers terugbesorg word.

### 2. ALGEMEEN

- Sigarette/elektroniese sigarette/"vaporizers", drank, dwelmiddels, of enige vorm daarvan, en pornografiese materiaal is verbode vir alle leerders en besoekers aan die skool. Indien dit in iemand se

- besit is, sal dit gekonfiskeer word en nie teruggegee word nie. **Dit is 'n kriminele oortreding as 'n leerder in besit van pornografie is.** As sigarette,'n sigaretaansteker of 'n "vape" by 'n leerder aangetref word, word dit beskou dat hy/sy wel rook. **Hubby of vape word glad nie op die skoolgrond, tydens funksies of aktiwiteite wat deur die skool gereël word, toegelaat nie. Dit is dieselfde tipe oortreding as rook en word op dieselfde manier hanteer.** Indien 'n leerder betrap word met enige van bogenoemde in sy/haar besit of dit gebruik, sal daar swaar strafmaatreëls toegepas word. Om enige van bogenoemde na skoolure in skooldrag te gebruik, is ook 'n oortreding. Geen leerder mag onder die invloed van drank/verbode middels op die skoolgrond wees nie.
- Kaartspeel/dobbel op die skoolterrein is ontoelaatbaar.
- **Vryery of enige fisiese kontak (bv. handevashou, omhels, soen, ens.) tussen leerders op die skoolterrein, of in die openbaar, met skooldrag aan, is verbode.**
- Suiwer taalgebruik word van alle leerders verwag. Kru taalgebruik word nie toegelaat nie.
- Seuns mag glad nie met hulle hande in hul broeksakke staan of loop nie.
- Hemde moet ingesteeek wees.
- Onderwysers en die bestuurspan moet te alle tye met respek behandel word.
- Rassistiese of kwetsende opmerkings teenoor personeel of medeleerders asook aanranding, bakleiery, intimidasie, aanhitsing en dreigemente (fisies/verbaal) is ontoelaatbaar. Tydens 'n bakleiery sal die aanhitters en die persone wat die geveg afneem, ondersoek en gestraf word.
- Geen leerder mag handeldryf op die skoolgronde nie. Alle voorraad sal gekonfiskeer word.
- Bestellings (bv. kos) wat by die skool afgelewer moet word, mag nie geplaas word nie. Niks mag deur die palisades aangegee of ontvang word nie.
- Selfone/elektroniese apparaat/MP3/MP4 of IPOD's mag glad nie op die skoolterrein of in die klaskamers sigbaar wees nie, ook nie tydens detensie nie – slegs pouse en na skool. Alle fone moet te alle klastye afgeskakel en weggepak wees. **Indien 'n foon uit 'n leerder se sak val, geld dit nie as 'n verskoning nie.**
- Die gebruik van selfone en oorfone tydens klas is streng verbode.
- 'n Selfoon mag slegs tydens pouse of na skool gebruik word.
- Indien 'n leerder skuldig bevind word omdat hy/sy 'n selfoon gebruik tydens klastyd, sal die selfoon gekonfiskeer word en vir 3 weke in die kluis bewaar word (SIM-kaart mag nie verwyder word nie).
- Leerders se selfone word op eie risiko skool toe gebring.
- Selfone mag nie in klaskamers gelaai ("charge") word nie.
- Ouers – neem asseblief kennis dat hierdie reëls ononderhandelbaar is en nie oop vir bespreking nie.
- **Geen leerder mag dataprojektors/lugversorgers met sy/haar slimfoon manipuleer nie.**
- Geen troeteldiere word by die skool toegelaat nie.
- Duimgooi deur leerders in skooldrag is verbode.
- Slegs voertuie van leerders wat 'n lisensie en parkeerskyfie het, mag in die hok geparkeer word en dan word die onderste hek in Bodminweg gebruik. Indien 'n leerder laat is, moet daar buite die skoolterrein geparkeer word. Geen leerder mag met enige fiets of motorfiets op die hoof skoolterrein ry nie. Fietsse, asook motorfietsse, moet in die fietsloods toegesluit word en direk na skool verwyder word.
- Ouers word versoek om leerders nie op die terrein of in die eerste hek af of op te laai nie. **Leerders wat na skool met toestemming vir hulle ouers moet wag, moet binne 'n halfuur na die skool uitgekom het, in die wagarea by die Seegerhek wees. Die wagarea is nie 'n naskoolsentrum nie, maar 'n sentrale, veilige area vir 'n kort tydperk, sodat die leerders nie verspreid oor die terrein is nie. As gevolg van veiligheid en sekuriteit mag leerders nie buite die skool wag nie.**
- Indien 'n leerder die hoof of een van die adjunkhoofde moet spreek, mag dit slegs gedurende pouses geskied.
- Wanneer 'n leerder laat by die skool aankom, moet hy/sy dadelik na kamer 20 gaan om mev. Du Preez te laat weet dat hy/sy by die skool is. Indien 'n leerder die skool vroeg moet verlaat, moet 'n skriftelike versoek van een van die ouers, by kamer 20 ingehandig word. Ons ontmoedig egter dokters- en tandartsafsprake tydens skoolure. Die leerder moet deur die ouer self in kamer 20 afgehaal word. Skoolure is verpligtend. **Leerders mag slegs in noodgevalle vroeër gehaal word.**
- Indien 'n leerder siek voel, moet hy/sy na kamer 20 gaan. Indien nodig, sal 'n toestemmingsbrief, geteken deur een van die adjunkhoofde, aan die leerder gegee word om in die siekekamer te gaan lê.

- Die ouers sal geskakel word om hom/haar te kom haal, indien nodig. **Geen leerder mag sy/haar ouers self bel om hom/haar te kom haal nie. Indien dit gebeur, sal die leerder strafpunte ontvang.**
- VLR-lede moet te alle tye die skoolreëls gehoorsaam en hul strafpunte moet onder 50 wees.
- **KLEURTOEKENNINGS EN EREKLEURE WORD SLEGS VANAF GRAAD 9 GEDRA.**
- Geen leerder mag gedurende die seisoen van een sportsoort na 'n ander skuif nie, tensy toestemming deur die sporthoof gegee is.
- 'n Bestuurspan-/VLR-lid, wat 'n ernstige oortreding begaan, sal voor die dissiplinêre komitee verskyn. Dit kan tot die opskorting van die Bestuurspan-/VLR-lid lei. Indien 'n leerder in 'n leiersposisie aan ernstige oortreding skuldig bevind word, kan hy/sy van die leiersposisie onthef word of dit kan tydelik opgeskort word.
- **SBA-toetse en/of eksamens op die laaste dag van 'n kwartaal is verpligtend. Toetse wat voor of na 'n langnaweek nie geskryf word nie, word nie verskuif of later geskryf nie. Sonder 'n doktersbrief kry die leerder nul.**
- Swak gedrag (strafpunte) kan tot gevolg hê dat toekennings verbeur word. Dit sluit die dra van die witbaadjie in.
- Geen wapens (insluitend messe en knipmesse) word op die skoolterrein toegelaat nie.
- Geen klappers word op die skoolterrein toegelaat nie. Dit sal tot 200 strafpunte lei.

### 3. VEREISTES OM VERKIES TE WORD AS LID VAN DIE BESTUURSPAN

Die skool se bestuurspan word vroeg in die derde kwartaal verkies. Dit is en bly vir ons leerders 'n groot eer en voorreg om deel van die span te wees. Ouers en leerders moet kennis neem van die vereistes wat gestel word om verkies te word:

- 'n Leerder moet vanaf gr.10 in Marais Viljoen wees.
- 'n Leerder moet 2 lojaliteitsbalkies verdien hê.
- 'n Leerder mag nie meer as 50 strafpunte teen sy/haar naam hê nie.
- Hy/Sy moet betrokke wees by skoolaktiwiteite vandat hy/sy 'n leerder in skool is en moet ten minste aan een buitemuurse aktiwiteit deelneem.
- Alhoewel ons besef dat leerders nog op pad is na volwassenheid en nie altyd verantwoordelik optree nie, is daar sekere oortredings wat in die graad 11 of 12 jaar begaan kan word, wat tot 'n diskwalifikasie, sal lei:
  - Skuldig aan diefstal.
  - Skuldig aan rook op skoolgronde of in skooldrag.
  - Gebruik van alkoholiese drank op skoolterrein en/of in skooldrag.
  - Gebruik van dwelms.
  - Skuldig aan oneerlikheid tydens 'n toets of eksamen.
  - Afwesigheid sonder toestemming (stokkiesdraai).
  - Skuldig aan 'n Skedule 1- of 2-oortreding soos uiteengesit in die SA-Skolewet. 'n Ondersoek sal gedoen word waartydens alle feite deeglik in ag geneem sal word.

### 4. AFWESIGHEID

- Indien 'n leerder afwesig was, moet hy/sy onmiddellik nadat hy/sy terugkeer skool toe, 'n brief, wat persoonlik deur een van die ouers geskryf en geteken is, by kamer 20 inhandig.
- Indien 'n leerder tydens 'n toets/eksamen/SBA afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat binne 3 dae in gehandig word of per e-pos na kamer 20 gestuur word (annelizep@maraisviljoen.co.za). Indien nie, sal 'n nul toegeken word.
- Indien 'n leerder afwesig is, is dit sy/haar eie verantwoordelikheid om die werk in te haal. Reël met 'n vriend/in om die werk te kry. **Indien 'n leerder sonder 'n geldige verskoning afwesig is, mag hy/sy nie daardie middag aan sport deelneem nie.**
- Indien 'n leerder laat by die skool opdaag, moet hy/sy, sy/haar dagboek toon om by die hek toegelaat te word en dan by Kamer 20 aanmeld.

## 5. IN DIE KLASKAMER

- **Wanneer 'n volwassene 'n klas binnestap, moet alle leerders opstaan, die besoeker groet en eers op sy/haar bevel mag hulle weer gaan sit.**
- Absolute stilte moet in die klaskamer heers terwyl 'n besoeker teenwoordig is.
- As die besoeker uitstap, hoef die leerders nie weer op te staan nie.
- Leerders wat hulle nie kan gedra nie, moet gerapporteer word.
- Swak gedrag en kru taalgebruik word nie toegelaat nie.
- Behalwe in uitsonderlike gevalle, mag die klaskamers nie gedurende periodes verlaat word nie.
- Elke leerder is verantwoordelik vir die bank waarby hy/sy sit en moet sorg dat die bank te alle tye netjies en skoon is.
- Banke mag nie bekrap word nie.
- Tasse mag nie met prente of enige graffiti versier word nie.
- Daar mag nie in die klasse geëet of gedrink word nie.
- Geen kougom mag gekou word nie.
- In elke klas is daar 'n vullismandjie waarin papiere en rommel gegooi moet word.
- Wanneer die klok vir die einde van 'n periode lui, sal die onderwyser die leerders beveel om te staan, hulle vra om seker te maak dat hulle stoele, tafels en die vloer skoon is, die stoele en tafels in posisie skuif en hulle groet. Dan moet die leerders netjies en ordelik die klas verlaat.
- Aan die einde van die skooldag sal daar met gebed afgesluit word.
- **Personeel is Maandae tot 15:00 vir hulp beskikbaar.**

## 6. TYDENS KLASWISSELING

- Niemand mag op die stoepe en in gange hardloop nie.
- Indien die onderwyser nie binne 5 minute by die klas opdaag nie, moet die VLR-lid dit dadelik by die adjunkhoof aanmeld.
- Leerders mag nie tydens periodes geld inbetaal, buskaartjies koop of snoepie toe gaan nie.
- **Leerders moet, wanneer die tweede klok lui, in die volgende klas wees.**

## 7. IN DIE KLEEDKAMERS

- Kleedkamers moet te alle tye netjies gehou word.

## 8. EERSTESPANKLEEDKAMERS

- **Kleedkamers mag glad nie tydens skoolure gebruik word nie.**

## 9. OP DIE TERREIN

- Geen leerders word tydens pouse of na skool op die eerste vloer toegelaat nie.
- Leerders mag nie tydens pouse of na skool tussen of agter die boonste, tydelike klaskamers wees nie.
- Niemand word in die voorportaal van die skool toegelaat nie. Dit is nie 'n deurgang vir leerders nie.
- Alle vullis, rommel en lekkergoedpapiere moet in die vullishouers en asblikke gegooi word.
- Geen leerders mag die skoolterrein gedurende skoolure sonder 'n brief van kamer 20 verlaat nie.
- Geen kougom word ooit op die skoolterrein toegelaat nie, selfs nie met na-uurse bedrywighede of in civvies nie.
- Alle sporttoerusting moet te alle tye in 'n sak wees.
- Alle leerders wat die skool tydens die eksamen besoek, moet skooldrag dra. Geen civvies word toegelaat nie.
- Die volgende areas is verbode tydens pouse:
  - A-veld, verby die reling by die pawiljoen.
  - Netbal- /tennisbane.
  - Langs die heining agter die A-hokkieveld.
  - Langs die heining voor die skool.
  - Agter of tussen die tydelike klasse.
  - Veeldoelige fasiliteit.

- Leerders mag dus slegs op die hoofpawiljoen wees, geen ander pawiljoene nie.
- Martie Heystek-gebou.  
Leerders moet na 14:30 in die aangewese area wag. Niemand mag buite die skool, op die hoeke, by die kleuterskool en by die tandarts oorkant die skool wag nie.

## 10. TOEGANG TOT DIE TERREIN

Toegang tot die terrein is op eie risiko. Die skool behou die reg van toegang voor. Neem kennis dat die skool 24 uur CCTV het. In die oggende wanneer leerders inkom, mag hulle nie weer die terrein verlaat voor die einde van die dag nie, tensy hulle uitgeteken word. Na skool mag die leerders die skool by die boonste hek in Cradockstraat, tot 14:30 verlaat. Van 14:30 af moet almal die skool deur die Seegerhek verlaat. Alle ander hekke sal dan gesluit wees.

## 11. AANTREE

- Geen skooltasse word toegelaat by aantree nie.
- Leerders mag nie by aantree eet of drink nie.
- Geen oorfone by aantree nie.

## INTRODUCTION

The code of behaviour which covers school affairs, school uniforms, rules regarding personal appearance, as well as disciplinary rules and punishment, has as its main aim the setting and promotion of a standard which will enable the school to fulfil its mission and to cultivate self-discipline amongst learners of the school.

## MISSION

"This educational institution utilises future orientated experts to discover and develop learners' potential". The code of behaviour has been compiled in such a way that the learners' behaviour in the school environment provides the ideal situation for them to achieve their pinnacle and to develop to their full potential in an orderly structure. It must be stressed that the development of self-discipline in a learner is not only the responsibility of the school, but is mainly a partnership between parent, community and the school, since "a child is the product of his/her circumstances". We believe that the penalty system will enable us to punish learners who do not abide by the school rules, and code of behaviour in general, in a fair manner. Learners who are prepared to work will then be provided with quality teaching. It is thus necessary for the learner and the parent who guides their child, to support the system and subject themselves to it to ensure that the rights of the learner, as well as those who share the school with him/her, are respected and protected.

## THE PENALTY SYSTEM

## PROCEDURE

### A.DEBITS

- If a learner transgresses, a form (demerits slip) is completed by the teacher concerned.
- Penalty points are allocated to certain transgressions.
- The type of transgression determines the number of points to be deducted.
- For more serious offences learners will be sent to one of the deputy principals or the principal.
- Parents should check learners' demerits on D6 on a regular basis.
- The number of points that have been deducted will be kept on record. Mistakes or queries have to be rectified at Mr. H. Müller's office during breaks. No queries will be dealt with if it is not reported within 2 weeks of receiving the demerits summary sheet.
- Demerits for appearance is -10 for each incorrect item or aspect of appearance. These demerits for appearance can be given on the same day.
- No queries with regard to demerits will be discussed during a disciplinary hearing.

## REPERCUSSIONS RESULTING FROM ACCUMULATING DEMERITS

As learners accumulate demerits, the following process will be followed:

- - 200 = **An SMS** will be sent to parents to notify them.
- - 300 = The learner will serve their **first compulsory detention**. Please note that no demerits are deleted and that the learner's demerits still remain on record.
- - 400 = The learner will be called in and will receive a **formal warning letter**, which must be signed by parents/guardians.
- - 500 = The learner will serve their **second compulsory detention**. Please note that no demerits are deleted and that the learner's demerits still remain on record.
- - 600 = The learner will serve their **third compulsory detention** and an **SMT Intervention** will take place, at which a **final warning letter** will be signed.
- - 800 = **Disciplinary hearing**.

At the end of the first disciplinary hearing, the learner starts on 0 demerits again and the the following process will be followed:

- - 200 = **An SMS** will be sent to parents to notify them.
- - 300 = The learner will serve their **first compulsory detention**. Please note that no demerits are deleted and that the learner's demerits still remain on record.
- - 400 = The learner will be called in and will receive a **formal warning letter**, which must be signed by parents/guardians. It is compulsory for the learner to attend a **compulsory counselling session** with one of the school's internal counsellors. Parents/guardians also have the option of consulting a private psychologist or counselor and providing the school with the evidence thereof.
- - 500 = The learner will serve their **second compulsory detention**. Please note that no demerits are deleted and that the learner's demerits still remain on record.
- - 600 = The learner will serve their **third and final compulsory detention** and an **SMT Intervention** will take place, at which a **final warning letter** will be signed..
- - 800 = **Disciplinary hearing and possible application expulsion**.

## DETENTION

### DETENTION IS COMPULSORY AND MEANS THE FOLLOWING:

- A learner's parent / guardian will be notified, by means of D6, of the learner's detention date.
- Detention lists will be put up on the notice board outside Mr. H. Müller's office, a week before the detention. Learners will also be called to Mr. Müller's office to sign a letter that states that they are aware of the scheduled detention.
- Detention takes place on Tuesday to Thursday from 14:15 – 16:30.
- **Detention may be given to any learner and detention takes preference over any other activity, eg sport activity.**
- **Reasons for not attending detention:** A Learner's parent/ guardian is notified a week in advance of the detention date. If detention cannot be attended on the specified date as a result of medical- or license appointments (which were made before the detention date was received), or for any other reason, an arrangement must be made with Mr. Müller before the day of detention. Learners who have extra classes eg. Maths on the day of detention must make arrangements beforehand. Detention takes preference over any other activities (that are not school related). A Learner's parent/guardian is informed timeously of the detention date(s) and have ample time to make all the necessary arrangements. Therefore, **transport problems** cannot be used as a reason for being unable to attend detention. **Extra classes may not replace detention.**
- **Gr. 12 learners must first attend the 8th period and attend detention from 15:00.**
- Excuses for detention may only be made during register periods and break.
- If a learner is signed out during the school day and therefore can not attend detention, he/she must notify Mr. Müller before leaving the school.

### LEARNERS MAY NOT BE LATE FOR DETENTION OR LEAVE EARLY.

**Any excuses/ correspondence concerning detention can be emailed to Mr. Müller at [gerdar@maraisviljoen.co.za](mailto:gerdar@maraisviljoen.co.za).**

- If a learner misses detention, without a valid excuse, he/she will automatically proceed to the next step, as contained in the heading **REPERCUSSIONS RESULTING FROM ACCUMULATING DEMERITS**.

## SMT MAY USE DISCRETION TO ADAPT DEMERITS AS NECESSARY

### SCHEDULE 1 (Serious misconduct that may lead to demerits or disciplinary hearing)

A learner will be guilty of serious misconduct if he/she, intentionally and without just excuse:

- Seriously threatens, disrupts or frustrates teaching or learning in a class;
- Engages in a conspiracy to disrupt the proper functioning of the school through collective action;
- Insults the dignity of or defames any learner or any other person, which includes racist remarks;
- Distributes, or is in the possession of any test or examination material that may enable another person to gain an unfair advantage in a test or examination;
- Cheats in a test or examination or any other form of assessment such as assignments;
- Engages in any act of public indecency;  
Sexually harasses another person;
- Is found in possession of or distributes pornographic material; or
- Is under the influence or in possession of alcohol.

### SCHEDULE 2 (Serious misconduct that may lead to expulsion)

A learner will be guilty of serious misconduct if he/she - Is found guilty of misconduct contemplated in Schedule 1 after having been found guilty of the same or similar misconduct on two previous occasions;

- Fails to comply with the punishment or suspension as a correctional measure;
- Intentionally and without just cause-
  - Forges any document or signature to the potential or actual prejudice of the school;
  - Trades in any test or examination question paper or in any test or examination material;
  - Attempts to bribe or bribes any person in respect of any test or examination to enable him/herself or another person to gain an unfair advantage therein;
  - Engages in fraud;
  - Engages in theft, or otherwise acts dishonestly to the prejudice of another person;
  - Is in possession of, consumes or deals in any illegal substance or other harmful substance;
  - Is in possession of, uses or transmits narcotic or unauthorized drugs or on visible evidence of such possession, use or transmission;
  - Is in possession of any dangerous weapon;
  - Assaults or threatens to assault another person;
  - Holds any person hostage;
  - Murders any person;
  - Rapes any person, or engages in any sexual activity which amounts to an offence in law; or
  - Maliciously damages property.

RULE	OFFENCE	DEBIT
1	Poor behaviour (SMT) Hiding other's property Challenging authority Inciting a learner to break the rules or to undermine authority Disobeying a direct order	50 20 20 Schedule 1 20
2	Fighting, threatening, intimidating, bullying Deliberately causing injury Inciting a fight Recording a fight	Schedule 2 150 100 50



3	Being with smokers / person who vapes Being in possession of a cigarette lighter, matches, cigarettes, electronic cigarettes, hubbly or vape Smoking/vape in school uniform outside school or at school	50 100 and it is confiscated  200 and it is confiscated
4	Serious damaging of facilities Damaging property, accomplice Writing on desks Wet paper, Pritt sticks thrown against ceilings Graffiti, slogans, symbols on school bag or diary	Schedule 1 100 50 50 20
5	In possession of drugs, use thereof, transmitting or visible evidence of possession In possession of firearms, other dangerous weapons or fireworks In possession of alcohol, use thereof, transmitting, under the influence thereof Gambling In possession of; or use; or transmission of any substance on the school grounds, which a learner believes to be illegal or prohibited substance	Schedule 2  Schedule 2 Schedule 1 100 200
6	Leaving school without permission "Bunking" Absent from class, inspection, line up, register without permission (Can get 50 demerits more than once per day if absent from more than one class)	150 50
7	Dishonesty (not related to exam or test) Forging signature, stealing stamp Writing a letter on behalf of someone else, hoax telephone call	20 Schedule 2 Schedule 2
8	Lending homework to others to copy Copying homework Doing work for another subject in class Not working in class Textbooks, diary, exercise book, homework, instruments not at school. Homework not done	5 5 5 5 5 5
9	SBA/PAT late per day	20
10	Disrespectful towards LRC Member, Management Team Swearing and hurtful remarks amongst learners or towards staff	20 50
11	Disrespectful, racist, discriminating towards staff members, labourers, peers	Schedule 1
12	Negative comments, defaming of character on social media Bringing the school's name in disrepute	Schedule 1
13	Shaved eyebrows Appearance unacceptable, unneat, school uniform unacceptable Nails too long, wearing jewellery Hair not according to school rules, unshaven Not wearing school uniform at sports meetings Tinted hair	50 10 10 10 50 50
14	Absent from sport team, duty, cultural performance	50
15	Late for school	10
16	Late for class	5
17	Littering inside or outside school property	10

18	Sitting in the wrong place in exam venue	10
19	Prohibited areas without supervision In between and above prefabs, tennis or netball courts, lapas, cars, car enclosures, between fence and athletics field, between A rugby field and fence, between A rugby field and netball courts, Martie Heystek building, before room 31/32. Entering class through window. In adults' cloakrooms or inside living quarters of labourers. Not waiting in the designated area	50
20	Holding hands in school uniform/necking	10
21	Inappropriate or indecent behaviour	Schedule 1
22	Not returning documentation	10 per day
23	Disobeying a direct order Disrupting group, meeting, class (talking, making comments)	20 20
24	Eating, drinking in class. Chewing gum on school grounds	10
25	Spitting	50
26	Excessive noise e.g. whistling, shouting or chanting	20
27	Manipulating of data projector, air conditioner, computer or any other electronic equipment	100
28	Schedule 1 transgressions of the Schools Act  Schedule 2 transgressions of the Schools Act	Demerits/ Disciplinary hearing Disciplinary hearing, possible expulsion

## DIE PUNTESTESEL

### INLEIDING

Die gedragskode, wat reëls aangaande skoolsake, kleredrag, persoonlike voorkoms, asook die dissiplinêre reëls en strawwe vervat, se hoofdoel is die vasstelling en bevordering van 'n standaard wat die skool wil daarstel om sy missie uit te voer en om selfdissipline by die leerders van die skool te kweek.

### MISSIE

"Hierdie opvoedkundige instansie wend toekomsgerigte kundiges aan om leerderpotensiaal te ontsluit en ontwikkel". Die gedragskode is so opgestel dat die gedrag van 'n leerder in die skoolomgewing sodanig is, dat die akademiese ontwikkeling en prestasie so kan geskied dat elke leerder tot volle potensiaal kan ontwikkel in 'n geordende struktuur. Daar moet beklemtoon word dat die ontwikkeling van selfdissipline in 'n leerder nie net die verantwoordelikheid van die skool is nie, maar wel grotendeels 'n vennootskap tussen die ouer, gemeenskap en skool: " 'n Kind is die produk van sy/haar omstandighede". Ons glo dat die puntestelsel die regverdigste manier sal wees om leerders, wat hulle nie by die reëls en gedragskode hou nie, te straf, en ook die leerders wat wil werk, die nodige kwaliteitonderrig te kan gee. Dit is dus nodig dat die leerder en die ouer, wat leiding aan sy/haar kind moet gee, die stelsel moet onderskryf en hulle daaraan onderwerp om sodoende te sorg dat die kind se belange en regte, asook die met wie hy die skool deel, gerespekteer en beskerm word.

## PROSEDURE

### A.DEBIETE

- Indien daar 'n oortreding is, word dit deur die betrokke personeelid op die nodige vorm ingevul (straflys).
- 'n Strafpunt word aan 'n sekere oortreding gekoppel.
- Die tipe oortreding bepaal dan ook die hoeveelheid wat afgetrek word.  
Vir ernstiger oortredings kan die betrokke leerder na die hoof of een van die adjunkhoofde gestuur word.
- Ouers moet leerders se strafpunte op 'n gereelde basis op D6 kontroleer.
- Die punte wat van 'n leerder afgetrek word, sal op rekord gehou word. **Foute of navrae moet pouses na mnr. H. Müller se kantoor verwys, hanteer en reggestel word.** Geen navrae sal hanteer word as dit nie binne 2 weke vanaf die oortreding, aangemeld word nie.
- Strafpunte vir voorkoms sal elke keer -10 wees. 'n Leerder kan dit op dieselfde dag meer as een keer ontvang.
- Geen navrae oor strafpunte sal tydens 'n dissiplinêre verhoor bespreek word nie.

### GEVOLGE VAN AKKUMULERING VAN STRAFPUNTE:

Soos wat leerders strafpunte akkumuleer, sal die volgende proses gevolg word:

- - 200 = 'n SMS sal aan ouers gestuur word om hul in kennis te stel.
- - 300 = Die leerder sal hul **eerste verpligte detensie** sit. Let wel, dat hul geen punte afwerk nie en dat die leerder se strafpunte steeds op rekord bly.
- - 400 = Die leerder sal ingeroep word en 'n **formele waarskuwingsbrief** ontvang, wat deur ouers/voogde onderteken moet word.
- - 500 = Die leerder sal hul **tweede verpligte detensie** sit. Let wel, dat hul geen punte afwerk nie en dat die leerder se strafpunte steeds op rekord bly.
- - 600 = Die leerder sal hul **derde verpligte detensie** sit en 'n **SMT-Intervensie** sal plaasvind, waarby 'n **finale** waarskuwingsbrief onderteken word.
- - 800 = **Dissiplinêre verhoor.**

Na afloop van die eerste dissiplinêre verhoor, begin die leerder weer op 0 strafpunte en die proses verloop soos volg:

- - 200 = 'n SMS sal aan ouers gestuur word om hul in kennis te stel.
- - 300 = Die leerder sal hul **eerste verpligte detensie** sit. Let wel, dat hul geen punte afwerk nie en dat die leerder se strafpunte steeds op rekord bly.
- - 400 = Die leerder sal ingeroep word en 'n **formele waarskuwingsbrief** ontvang, wat deur ouers/voogde onderteken moet word. Die leerder is dan ook genoodsaak om 'n **verpligte beradingsessie** by een van die skool se interne beraders by te woon. Ouers/voogde het ook die opsie om 'n privaat sielkundige of berader te raadpleeg en die bewyse daarvan aan die skool te voorsien.
- - 500 = Die leerder sal hul **tweede verpligte detensie** sit. Let wel, dat hul geen punte afwerk nie en dat die leerder se strafpunte steeds op rekord bly.
- - 600 = Die leerder sal hul **derde en laaste verpligte detensie** sit en 'n **SMT-Intervensie** sal plaasvind, waarby 'n **finale waarskuwingsbrief** onderteken word.
- - 800 = **Dissiplinêre verhoor en moontlike aansoek om skorsing.**

## DETENSIE

### DETENSIE IS 'N VERPLIGTE HANDELING WAT DIE VOLGENDE BETEKEN:

- 'n Leerder se ouer/voog sal d.m.v. D6 'n kennisgewing ontvang wat sal aandui wanneer die leerder detensie moet bywoon.
- Detensielyste sal 'n week voor detensie op die kennisgewingbord by mnr. Müller se kantoor wees. Leerders sal ook na mnr. Müller se kantoor geroep word om 'n brief te teken dat hul wel kennis neem van die geskeduleerde detensie.

- Detensie vind vanaf Dinsdae tot Donderdae om 14:15-16:30 plaas.
- **Detensie mag vir enige leerder gegee word en detensie geniet voorkeur bo enige aktiwiteit, soos bv. sportoefening.**
- **Verskonings:** Die leerder se ouer/voog ontvang gewoonlik 'n kennisgewing van detensie 'n week voor die detensiedatum. Indien detensie nie bygewoon kan word nie(a.g.v. dokters- of lisensie-afsprake (wat voor die ontvangs van die detensiekennisgewing gemaak is), of enige ander rede, moet 'n reëling voor die detensiedatum by mnr. Müller se kantoor gemaak word. Leerders kan nie op die dag van detensie, of nadat hul reeds nie vir detensie opgedaag het, verskoning kom maak nie. Leerders wat detensie en bv. Wiskunde klasse het, moet VOORAF 'n reëling kom maak, sodat detensie nie op daardie spesifieke middag geskeduleer word nie. Detensie geniet ook voorkeur bo enige aktiwiteite wat nie 'n skoolaktiwiteit is nie. **"Geen vervoer"** kan nie as 'n verskoning gebruik word om nie detensie by te woon nie, aangesien leerders die kennisgewing van detensiedatums reeds 'n week voor die detensie ontvang. 'n Leerder se ouer/voog het dus genoeg tyd om reëlings vir vervoer te tref.
- **Ekstraklas mag nie detensie vervang nie.**
- Gr. 12-leerders moet eers 8ste periode bywoon en vanaf 15:00 detensie bywoon.
- Verskonings kan slegs tydens voogperiode en/of pouses gemaak word.
- Indien 'n leerder vroeg uitgeteken word op 'n dag wat detensie geskeduleer is, moet hulle mnr. Müller in kennis stel voor hulle die skool verlaat. **LEERDERS MAG NIE LAAT KOM VIR DETENSIE OF VROEG LOOP NIE.**

### Enige verskonings/ korrespondensie in verband met detensie kan aan mnr. Müller gestuur word by [gerdar@maraisviljoen.co.za](mailto:gerdar@maraisviljoen.co.za).

- Indien 'n leerder detensie mis, sonder 'n geldige verskoning, sal hy/sy outomaties na die volgende stap gaan, soos vervat in die opskrif **GEVOLGE VAN AKKUMULERING VAN STRAFPUNTE.**

### SMT MAG HUL DISKRESIE GEBRUIK OM STRAFPUNTE AAN TE PAS

#### SKEDULE 1 (Ernstige wangedrag wat tot strafpunte of 'n dissiplinêre verhoor kan lei.)

'n Leerder sal hom of haarself skuldig maak aan ernstige wangedrag indien hy/sy met opset en sonder regverdigingsgronde:

- Onderrig ernstig ontwrig, bedreig of bemoeilik in die klaskamer;
- Saamsweer in 'n komplot om die funksionering van die skool te ontwrig deur gesamentlike aksies;
- 'n Ander se waardigheid aantast of lasterlike opmerkings teenoor enige leerder of ander persoon maak. Rassitiese opmerkings is hierby ingesluit;
- In die besit is van toets- of eksamenmateriaal, of dit versprei wat hom/haarself of 'n ander persoon 'n onregverdige voordeel kan verskaf in 'n toets of eksamen;
- Kul in 'n toets, eksamen of enige ander assesseringsgeleentheid, soos bv. opdragte;
- Hom-/haarself skuldig maak aan openbare onsedelikheid;
- Hom-/haarself skuldig maak aan seksuele teistering;
- In die besit is, of verantwoordelik is vir die verspreiding van pornografiese materiaal; of
- Onder die invloed is, of in besit is, van alkohol.

#### SKEDULE 2 (Ernstige wangedrag wat tot permanente skorsing kan lei.)

'n Leerder sal skuldig wees aan ernstige wangedrag indien hy/sy:

- Skuldig bevind word aan wangedrag soos vervat in skedule 1, nadat die leerder twee keer van tevore skuldig bevind is aan dieselfde of soortgelyke wangedrag;
- Nie voldoen aan die vereistes van die straf of 7-dag tydelike skorsing nie;
- Opsetlik en sonder 'n regverdigingsgrond:
- Enige dokument of handtekening vervals wat die skool kan benadeel;
- Handeldryf met enige toets- of eksamen vraestel, of enige toets- of eksamenmateriaal;
- 'n Poging(s) aanwend om 'n persoon/persone om te koop om sodoende vir hom/haarself en/of enige iemand anders 'n onregverdige voordeel in 'n toets of eksamen te verseker;
- Bedrog pleeg;

- Hom-/haarself skuldig maak aan diefstal, of enige oneerlike daad wat skade/nadeel aan 'n ander verskaf;
- In die besit is van, dit gebruik, of handeldryf met onwettige en/of skadelike middels;
- In die besit is van dwelmiddels, dit gebruik of oordra, of as daar ooglopende bewyse van sodanige besit, gebruik of oordrag is;
- In die besit is van 'n gevaarlike wapen;
- 'n Ander persoon aanrand, of dreig om 'n persoon aan te rand;
- 'n Persoon gyselaar hou;
- 'n Persoon vermoor;
- 'n Persoon verkrag of hom/haar skuldig maak aan seksuele gedrag wat neerkom op 'n kriminele oortreding, of
- Kwaadwillige saakbeskadiging pleeg. In die geval van enige dispute rakende die vertaling van die wet, sal die ampelike Engelse "Schools Act" as ampelike bron gebruik word.

REËL	OORTREDING	DEBIET
1	Swak gedrag (SMT) Steek eiendom weg, uitdaag van gesag Enige vorm van aanhitsing om gesag te ondermyn en reëls te verbreek Versuim duidelike opdrag	50 20 Skedule 1 20
2	Baklei, Dreig, Intimideer, Boelie Doelbewuste besering veroorsaak Aanhitsing van bakleiers Afneem van bakleiers	Skedule 2 150 100 50
3	n teenwoordigheid van rokers/persoon wat "vape" In besit van sigaretaanstekers, vuurhoutjies, sigarette, elektroniese sigarette, hubbly of "vape" Rook/"vape" in skooldrag buite of op skoolterrein	50 100 en word gekonfiskeer 200 en word gekonfiskeer
4	Ernstige beskadiging van fasiliteite Beskadig van eiendom, medepligtige Krap op bank Bolle nat papier, Pritt-buisies teen plafon Graffiti, slagspreuke, simbole op tas of dagboek	Skedule 1 100 50 50 20
5	In die besit van dwelms, dit gebruik of oordra, of as daar ooglopende bewyse van sodanige besit, gebruik of oordrag is In besit van vuurwapens, ander gevaarlike wapens, klappers In besit is van alkohol, dit gebruik, handeldryf of onder die invloed is Dobbelary In besit van, gebruik van of oordrag van enige middel op die skoolgronde, wat die leerder sodanig glo dat dit 'n verbode middel is	Skedule 2  Skedule 2 Skedule 1 100 200
6	Verlaat skool sonder verlof Afwesig van klas, inspeksie, aantree, voog sonder toestemming (Kan meer kere per dag 50 punte verloor as meer as een klas versuim)	150 50
7	Oneerlikheid (nie eksamen- /toetsverwant) Vervals handtekening, Steel stempel Skryf brief namens iemand, vervalste telefoonoproep	20 Skedule 2 Skedule 2
8	Leen huiswerk uit vir afskryf Skryf huiswerk af Doen ander vak se werk in klas Werk nie in klas nie Handboek, dagboek, skrif, huiswerk, instrumente nie by skool nie Huiswerkversuim	5 5 5 5 5 5

9	SBA/PAT laat	20 per dag
10	Oneerbiedig teenoor VLR-lid, bestuurspanlid Vloek, kwetsende opmerkings tussen leerlinge of teenoor personeel	20 50
11	Oneerbiedig, rassisties, diskriminerend teenoor personeel, werkers, leerders	Skedule 1
12	Negatiewe kommentaar, skending van karakter op sosiale media Gedrag wat die skool se naam in oneer bring	Skedule 1
13	Geskeerde wenkbroue Voorkoms nie reg nie, slordig, skooldrag nie reg nie Naels te lank, dra juwele Hare nie volgens skoolreëls nie, nie geskeer nie Nie skoolklere aan by sportgeleentheid nie Gekleurde hare	50 10 10 10 50 50
14	Afwesig van sportspan, dienspunt, kultuuroptrede	50
15	Laat vir skool	10
16	Laat vir klas	5
17	Strooi rommel binne of buite terrein	10
18	Sit op verkeerde plek in eksamenlokaal	10
19	Verbode terrein sonder toesig Tussen of bo tydelike klasse, tennis- of netbalbane, lapas, motors, motorhok, tussen heining en atletiekbaan, tussen A-rugbyveld en heining, tussen A-rugbyveld en netbalbane, Martie Heystek gebou en voor kamer 31 of 32. Deur venters klim In volwassenes se kleeckamers, in woonkwartiere van werkers Wag nie in aangewese area nie	50
20	Hou hande vas in skooldrag/liefkoos	10
21	Onsedelike gedrag	Skedule 1
23	Weiering van direkte opdrag Ontwrig groep, byeenkoms, klas (gesels, maak opmerkings)	20 20
24	Eet, drink in klas, kougom op skoolterrein	10
25	Spoeg	50
26	Buitengewone geraas, bv. skreeu, fluit, dreunsang	20
27	Manipulering van dataprojektor, lugversorger, rekenaar of enige ander elektroniese toerusting	100
28	Skedule 1-oortredings van skolewet Skedule 2-oortredings van skolewet	Strafpunte of dissiplinêre verhoor Dissiplinêre verhoor, moontlike skorsing

## GR. 10-VAKKEUSES / GR. 10 SUBJECT CHOICES

